



Vyfde uitgawe
2016

Koeda

Pretoria Bonsai Kai

• Pretoria Bonsai Kai bestuur:

- Voorsitter – Org Exley
082 809 2037
- Onder voorsitter – Francois van As
074 6011847
- Tesourier - Daan du Toit
012 567 2520
- Sekretaesse – Mariaan Erwee
083 377 7893
- Skakelbeampte—Christa Vermaak
083 388 4736
- Addisionele lede :
Duvan Horn
Martin Kruger
Johan Els
Jaco Kriek

Enige idees, artikels of terugvoering rakende die nuusbrieff kan gegee word aan Jaco Kriek by:

Jaco.kriek@aurecongroup.com

In hierdie uitgawe

Van die Redakteur.	1
Briewe bus	2
Huldeblyk aan Charles	5
PE 'dig'	8
Vergadering 3 September	11
Vergadering 1 Oktober	24
Kalender	26
Terugvoering demonstrasie	27
Snippets	28

The word Koeda is Japanese and means: 'Graceful branch'. It is pronounced Ko-eda.

Van die redakteur.

Beste bonsai vriende

Daar is 'n engelse spreekwoord wat sê: "A picture paints a thousand words". En wanneer jy dan 'n prentjie sien is woorde nie ook nodig nie, om die waarheid te sê, woorde is dan eintlik oorbodig. In hierdie uitgawe is daar baie foto's, veral van ons vriend en leermeester Charles Ceronio. As elke foto van Charles duisend woorde is is hier bladsye en bladsye oor Charles geskryf.

Foto's neem baie 'spasie' op in 'n uitgawe soos die en as die uitgawe te groot is (ek praat van MegaBytes) dan is dit moeilik vir sommige lede om die nuusbrieff af te laai. Mens moet dan maar mooi besluit oor hoeveel plek vir ander artikels daar is.

Hierdie uitgawe moes dus die lede profiel en 'n verslag oor ons skou prysgee.

Die skou was weereens 'n reuse

sukses en ons het 'n pragskou aangebied. Daar was 89 bome uitgestal. Steeds teleurstellend is dat die 89 bome aan net 14 lede behoort. Die ideaal is dat meer lede sal begin om ten minste een boom elke jaar uit te stal. Begin nou werk aan ten minste een boom vir volgende jaar.

Bonsai groete

Jaco



"Think twice before you speak, because your words will plant the seed of either success or failure in the mind of another."

- **Napoleon Hill**

Briewe Bus / Vra is Vry



ONTHOU

Hierdie gaan 'n korter storie wees as gewoonlik. Dit gaan oor onthou, geheue. Ek sit in die kerkgebou en 'n onbekende (vir my) dominee lewer die begrafnisdiens van Charles Ceronio. Ek het gery vanaf Klerksdorp, eers 'n vriend by sy suster gaan aflaai vir 'n uitgestelde kuier, besigheid gaan doen elders in Pretoria en my byna beserk gejaag op paaie met nuwe name om in die area van my jeug 'n kerk te vind. Ek wou daar wees om te groet.



Ek ry in Meierstraat af en ry verby die huis waarin ons gewoon het in 1966 en ek onthou dat ek met een arm in gips met 'n tenniseraket teen 'n klein stukkie muur geslaan, geslaan het. Ek onthou die verskriklike motorfietsongeluk een Sondagoggend toe 'n ouer omie, na die diens, nie gesien het dat die motorfiets teen 'n spoed in Meierstraat aankom nie en voor die motorfiets ingery het met ontsettende gevolge. Een persoon dood.

Ek onthou hoe ek die volgende jaar met 'n ou Borgward en ryp op die vensters klasse-toe gery het.....Meier, Frates op na Duncan toe.

Ek onthou. Ek onthou vir Charles, die heer wat ek baie jare later ontmoet het en vele kere na geluister en gekyk het. Ek het hom by sy huis besoek, lank gelede, toe ons nog altwee jonk was. Hy sal dit nie onthou nie.

Ek onthou hoe hy in Naboomspruit vir my kom vertel het dat hy hou van die bome waarmee ek demonstreer het.

Ek onthou dat ek gesien het dat dit nie goed gaan met Charles nie. Ek onthou my hartseer daaroor en miskien moet julle weer lees oor wat ek aangaande "Wegsteek" geskryf het – Charles was my inspirasie. Ek onthou hoe hy alimmers die heer (*gentleman*) was. En hy het geleef, beleef, uitgereik tot aan die einde.

Saluto vos

Pieter Loubser

"Don't be ashamed to weep; 'tis right to grieve. Tears are only water, and flowers, trees, and fruit cannot grow without water. But there must be sunlight also. A wounded heart will heal in time, and when it does, the memory and love of our lost ones is sealed inside to comfort us."

— Brian Jacques, *Taggerung*

Briewe Bus / Vra is Vry

Jaco

Ek deel graag met die lede 'n paar foto's wat ek op 20 Augustus geneem het by die Engelse Elm "dig" op Hannes Fritz se plaas.

Hannes en sy vrou Thelmarie, asook lede van die Suikerbos klub het ons op 'n grootskaalse bederf trakteeer. Ek hoop nie ons het soveel skade aangerig dat Hannes ons nie weer gaan uitnooi nie, want het ons grawe!!



Esther van Aarde



Huldeblyk aan Charles Ceronio

Ons sou bladsye en bladsye oor Charles kon skryf. Van wie hy was, van hoe hy was, van die groot hoogtepunte wat hy in sy lewe bereik het, van wat hy vir honderde mense beteken het. In bonsai was Charles 'n mentor vir honderde, indien nie duisende mense nie. Ek haal graag aan wat Kobus en Anneke van der Vyver in Charles se begrafnisbrief gese het:

“Ons harte loop oor van dankbaarheid om te kon deel hê aan die lewe van ons geliefde instaan pa en oupa Charles. Dit is so moeilik om in woorde te probeer saamvat wie hy vir ons was.

Maar selfs meer as die hartseer dat ons hom moet groet, is die dankie sê—vir sy pittige sê-goed en humorsin, liefde vir die natuur, passie vir bome en bonsai, aanvoeling, liefde en tyd vir sy kleinseuns, genot in eenvoudige dinge soos tee drink en soetigheid, trots en liefde vir sy dogter, vreugde in samesyn, kuier en saam-eet, sy waardering vir kuns en mooi musiek, vermoë om vrolik te wees en mense om hom op te beur, sy bewondering en liefde vir sy vrou, sy energie, lewenslus en positiewe lewensuitkyk.....

Sy hart was oop en groot en ons voel bevoorreg dat daar ook plek was vir ons. Sonder 'n sweempie vroomheid of voorgee, het die blydschap en vreugde van die Here deur hom geskyn en was sy lewe vir ons 'n loflied tot eer van God.

Ons Koester sy kosbare nalatenskap.”

Ek weet dat almal wat Charles geken het kan saamstem met bogenoemde en is verdere woorde oorbodig. Kom ons onthou Charles met n klompie foto's wat (hoofsaaklik) by vergaderings geneem is waar hy een van sy groot liefdes en karaktereenskappe uitgeleef het, om ander te help en te leer.....



Vervolg op bl 6

Huldeblyk aan Charles Ceronio



Vervolg op bl 7

Huldeblyk aan Charles Ceronio



Ons eer jou Charles, en ons gaan jou kennis, maar veral jou vriendskap en liefde mis!!!

'PE Dig' 22 tot 24 Julie 2016 - deur Duvan Horn

Verslag en foto's deur Duvan.

Dit was weer tyd vir die jaarlikse SABA dig in PE en vyf van die manne van Pretoria Bonsai Kai het die reis mee gemaak. Hier volg hulle verhaal.

Die manne, Org Exley, Carl de Beer, Kobus Erwee, Duvan Horn en Francois Viljoen het met groot opgewondenheid Donderdag aand by Org oorgeslaap so- dat ons vroeg Vrydag oggend kon vertrek.



Vrydag oggend net voor 04:00 vat ons toe die pad PE toe nadat alles gepak en dubbel seker gemaak is niks word vergeet nie. Net buite Johannesburg stop ons vir ons eerste bene rek en koppie boere troos. Ons haal Bloemfontein net betyds vir ontbyt en verder verloop alles goed op die pad. Net buite Cookhouse word die hoofweg tydelik gesluit vir die herwinning van 'n trok wat die oggend vroeg die pad byster geraak het. Ons wag darem nie te lank nie en kom uiteindelik aan in PE net so voor 16:00 die middag.

Ons verblyf is reg op die rivier monding. Dit reën darem nie toe ons daar aankom nie maar die wind waai. Die sonsondergang skep 'n baie mooi prentjie teen die wolke. Groot was ons verbaasing toe ons uitvind dat die boonste gedeelte van ons verblyf gehuur word deur ons mede Bonsai vriende van Heidelberg. Hannes, sy pa Org, Oom Hennie en Mark.



Klaar uitgepak gaan ons na die PE Bonsai Kai se klub huis waar ons die aand braai en die finale reëlings kry vir die 'dig'. Meeste van ons is vroeg terug huis toe vir 'n goeie nagrus maar daar was 'n paar lede wat vasgebrand het by die kuier. Kom ons los dit maar daar.



Vervolg op bl 9

'PE Dig' 22 tot 24 Julie 2016 - deur Duvan Horn

Die volgende oggend is ons weer vroeg op sodat ons eerste kan wees en goeie grouers kan kry. Die weer speel nie heeltemal saam nie en dit reën liggies. Gelukkig lyk dit of dit gaan oop trek want om bome te grou in die wind en nat weer is nie lekker nie. Van die grouers wat gereël is is daar maar min en later moes van die mense ry en hulle op 'n ander plek gaan oplaai. Gelukkig gaan Org ook en verseker so dat ons grouers het. Nadat almal die "indemnity" vorm onderteken het klim ons in die voertuie oppad na die DIG site. Die string karre was nogal lank.



Aangekom by die site word die grense vir ons uitgewys en almal gaan in sy eie rigting in. Met ons grawe gereedskap in die hand het dit tyd geword om daai eerste boom te soek en te begin grawe. Ons het 'n paar groentjies in ons groep en Org help hulle eers om aan die gang te kom. Nou is dit elke man vir homself en die groot grawe begin. Die gedeelte waar ons vanjaar grou is nuut so jy hoef nie ver te soek vir jou volgende boom nie.



Die weer het mooi gehou behalwe vir 'n bietjie reën so teen die middag. Die son het begin sak en ons moes begin klaar maak en bome laai. Maar wag, waar is Francois? Die jong knaap het die bosse gaan verken en kry nie sy pad terug na ons nie. Die selfoon sein is maar swak en elke bos lyk na mekaar. Met die hulp van Org se motor se hooter kon ons hom toe darem veilig terug begelei. Na die drama begin ons bome laai en lyk dit of ons te veel bome gegrawe het vir ons sleepwa. Org se man is nog besig om 'n boom vir hom te grawe maar die word gestop. Ons sal maar weer moet terug kom vir hom volgende jaar. Met mooi meet en pas kry ons toe darem al die bome op die sleepwa.

Vervolg op bl 10

'PE Dig' 22 tot 24 Julie 2016 - deur Duvan Horn



Die vorige aand by die braai word mooi gevra dat elkeen 'n boom moet saam bring wat hy uit gegrawe het sodat die experts kan help met voorstelle vir die boom. Ons bome was egter toe so gepak dat dit nie 'n opsie vir ons was nie. Almal het weer lekker gekuier en gebraai by die klubhuis na die dag se 'dig'. Van ons is vroeër huis toe as ander maar almal het darem redelik vroeg in die bed geklim want die Sondag val ons weer vroeg in die pad oppad huis toe.



Ons vertrek weer soos Vrydag oggend net voor 04:00. Die pad was lank en die manne moeg maar ons kom veilig tuis net so voor 16:00. Dankie aan Org en Kobus wat terug bestuur het. As jy nog nie na PE toe was vir n DIG nie begin nou spaar vir volgende jaar want die dig en die konvensie vind saam plaas. Dis opreg 'n baie lekker ervaring.



Nou hou ons net duim vas dat ons bome almal groei...tot volgende keer.

Groete



Org, Carl, Kobus, Duvan en Francois

Vergadering van 3 September 2016



“Tip of the month” - deur Francois van As

Ons is almal in 'n mate bonsaiverslaafdes. Wanneer 'n mens iewers heen oppad is, sal jy amper outomaties 'n mooi boom langs die pad opmerk en bewonder. Hier dink ek veral aan Pretoria se jakarandas en die karees wat so langs die snelweg staan. Hulle is nie juis gewilde bonsai-materiaal nie maar het mooi vorms wat bewonder kan word. So ry ek 'n paar weke gelede op die snelweg oppad werk toe, wat in Johannesburg is. Skielik sien ek 'n groepie van drie (3) Karees wat grasielus in die rondte kartel. Ek dag toe dit moet ek onthou. Sketse wou nie lekker werk nie en ek kry toe die idee om die drie (3) boompies met draad en karton as basis te modelleer. Hieronder is foto's van my pogings asook 'n foto van drie (3) Oliehout saailinge wat ek daarvolgens gevorm het.



Vergadering van 3 September 2016.

Foto's en inligting deur Duvan Horn oor die 'skou' bome.



Links: Rohann se 'Chinese Elm'. Hy het die boom in 2015 by 'n kwekery gekoop en direk in 'n bonsai bak geplant.

Onder links na regs: Org se Groot Granaat, 'Chinese Elm' en Buddleja Saligna.



Onder links na regs: Louis van der Walt se Ficus Natalensis is 8 jaar oud, sy Buddleja Salviifolia is 9 jaar oud en maak baie mooi blomme en sy Deurmekaarbos is 8 jaar oud. Heel regs is Koos Engelbrecht se Olien wat hy vanaf 2008 het.



Vergadering van 3 September 2016.

Die tema van die vergadering was “Shohin”, en is deur Pieter du Plessis aangebied. Pieter het ’n ‘Powerpoint presentation’ gewys terwyl hy gepraat het en deel daarvan (bietjie gewysig) word onder weergegee.

Onthou dat baie gesê en gewys word gedurende die vergadering wat nie hierr herhaal kan word nie. Jy mis dus baie as jy nie vergaderings bywoon nie.



SHOHIN BONSAI

Wat is Shohin?

Style vir Shohin

Spesies vir Shohin

Shohin verwys na die grootte van bonsai

Dit is nie ’n styl nie. Verskillende style kan steeds Shohin wees.

As mens ‘bonsai sizes’ google is daar ’n Babelse verwarring. Hoofsaaklik 4 name kom meestal op. Die Suid-Afrikaanse boeke verskil ook. Niemand gebruik die name van die grootter bome nie. Die meeste wat genoem word is Mame en Shohin.

Tabel van groottes:

- Shito 2.5" 7.5 cm
- Mame 7.5" 15 cm
- Shohin 15" 20 cm
- Komono 20" 25 cm

Van die fotos wat hiernaas gewys word is van die internet gekry.

Vergadering van 3 September 2016.

Uitstalling

Wanneer jy Shohin uitstal is dit raadsaam om spesiale uitstal rake te gebruik. Bome moet nie lyk of hulle ingedruk is in die rak se spasie nie. Op die onderste foto's is van die bome wel te groot vir die spasie.



As jy Shohin google kom daar ook baie keer die term “Sumo style” op. Wat is dit?

Die Sumo styl verwys na die Japanese Sumo stoeiers. Hierdie stoeiers probeer so groot (vet) moontlik wees sodat dit moeilik is om hom uit te kryt te gooi. So die Sumo styl in bonsai lyk soos die boompie onder regs.



Mense is onder die indruk dat Shohin net ‘vet’ boompies moet wees. Dit is nie so nie. Shohin kan ook ’n skraal boompie wees, die grootte is bepalend.

Op die volgende bladsye word voorbeelde van ’n paar style gewys wat in Shohin gebruik word. Enige van die bekende style kan gebruik word maar die styl moet wel erkenbaar wees, dit moet nie net ’n bos wees nie.

Vergadering van 3 September 2016.

Style wat vir Shohin gebruik kan word

Formeel regop



Informeel regop



Skuinsstam



Semi Cascade



Cascade



Groep



Literati



Vergadering van 3 September 2016.

Style wat vir Shohin gebruik kan word

Besem



Wortel oor Rots

Pierneef



Kremetart



Bosveld



Styl



Windswept?











Driftwood



Vergadering van 3 September 2016.

Hoe ontwikkel jy 'n Shohin?

Snoei en Groei



Vergadering van 3 September 2016.

Spesies nie geskik vir Shohin

- Enige spesie met groot blare
- Spesies wat nie goeie fyngroei lewer nie
- Ons Acacias is nie regtig baie geskik vir Shohin nie

Acacia galpinii



Acacia galpinii in winter



Spesies geskik vir Shohin

- Enige spesie met klein blare
- Spesies met mooi fyngroei

Acer buergerianum

Trident Maple



Acer palmatum

Japanese Maple



Vergadering van 3 September 2016.

Lonicera nitida

Hedge Honeysuckle
Dwart Honeysuckle



Olea europaea sp Africana

Olienhout



Celtis spesies

- Celtis Africana—het 'n wollerige blaar
- Celtis australis—het gladde blare
- Celtis sinensis— het gladde blare
- Celtis 'bastardiensis' 😊—is 'n kruis tussen Africana en sinensis

Celtis africana



Vergadering van 3 September 2016.

Celtis Africana 'bastardiensis'



Carissa Bispinosa
Bosnoemnoem



Pouzolzia mixta
Seepnetel



Pyracanthus



Juniperus procumbens nana



Zelkova serrata

Japanese Elm



Vergadering van 3 September 2016.

Ficus spesies Vye

Ficus spesies nie geskik vir bonsai

- Groot en/of harde blare
- Dik groeipunte

Ficus spesies nie geskik vir bonsai

- F abutilifolia Grootblaar rotsvy
- F bubu Swazivy
- F glumosa Bergvy
- F stuhlmannia Laeveldvy
- F tettensis Kleinblaar rotsvy
- F trichopoda Moerasvy
- F burkei Gewone wildevy

Ficus burkei

Gewone wildevy



Ficus spesies geskik vir bonsai maar nie vir Shohin

- F capreifolia Skurwevy
 - F ingens Rooiblaar rotsvy
 - F salicifolia Wonderboomvy
 - F sur Besemtrosvy
 - F cycomorus Gewone rotsvy
 - F craterostoma? Bosvy
-

Vergadering van 3 September 2016.

Ficus craterostoma

Bosvy



Ficus spesies geskik vir Shohin

- F burtt-davyi Veldvy
- F cordata Namakwavy
- F natalensis Natalvy
- F tremula Trilblaarvy
- F salicaria (neriifolia) Willow leaf fig

Ficus burtt-davyi

Veldvy



Ficus cordata

Namakwavy



Vergadering van 3 September 2016.

Ficus natalensis

Natalvy



Ficus tremula

Trilblaarvy



**Ficus salicaria
(neriifolia)**

Willow leaf fig



Bronne:

- Internet/Google
 - Figs of Southern & South Central Africa, John & Sandra Burrows
 - Trees of Southern Africa, Palgrave
-

Vergadering van 1 Oktober 2016

Een vergadering per jaar behels dat ons na 'n lid se huis gaan. Hierdie jaar was dit die huis van Attie Louw. En watter lekker uitstappie was dit nie. Om sy pragtuin met besondere plante te kon aanskou, en om sy besondere versameling bonsai te kon waardeer was heerlik. Attie se kwekery is ook besonders en lede kon bome en ander plante koop. Als word natuurlik saamgebind met lekker braai en kuier. Dankie Attie dat jy en jou vrou julle plek vir ons beskikbaar gestel het, dit was heerlik!



Vervolg op bl 25

Vergadering van 1 Oktober 2016



Bonsai Kalender – Deur Dr Francois van As

Wat doen ons in November en Desember?

Dit raak nou middel somer en ook die warmste tyd van die jaar wat natuurlik die grond in ons bonsaipotte vinnig laat uitdroog. Met die toename in temperatuur is watertoediening dus baie belangrik. In sommige gevalle sal dit meer as eenkeer per dag moet plaasvind. Lig speel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van lote en moet buitenshuise bonsai gereeld gedraai word om enige wanbalans in takvorming te voorkom. Doen gereeld inspeksie en pas konstante verfyningstoe toe. Die lote van bladwisselende bome kan teruggesnoei word tot een of twee pare blare wat vertakking en die verkleining van blare teweeg sal bring. Nuwe groei by naaldblaarbome moet ook konstant teruggepluk word.



Indien daar gevoel word dat jong takkies nou reeds bedraad moet word, moet daarop gelet word om die draad nie te styf om die takkie te draai nie. Die vinnige groei wat nou plaasvind sal maak dat die draad maklik insny.

Dit is 'n belangrike tyd van die jaar vir voeding en die meeste bome moet regdeur die somer bemes word. Bladwisselende bome kan seewier-ekstrak (Seagro), 2:3:2 en L.A.N afwisselend elke maand ontvang terwyl Naaldblaarbome 3:1:1 of seewierekstrak toegedien kan word.

Warm, vogtige toestande bevorder peste, hou dus dop en behandel vroegtydig.

Hoe lyk Pretoria se klimaat hierdie tyd van die jaar?

Pretoria het 'n gematigde savanne (grasvlakte) klimaat met warm, nat somers en droë winters. Van Mei tot September reën dit selde en wanneer wel is dit maar min.

Maand	Gemiddelde maksimum temperatuur (°C)	Gemiddelde min temperatuur (°C)	Gemiddelde ure sonskyn per dag	Gemiddelde aantal dae neerslag per maand	Gemiddelde mm neerslag per maand
November	27	16	9	12	61-100mm
Desember	28	17	9	15	101-200mm

Bron: <http://www.whatstheweatherlike.org/southafrica/pretoria.htm>

Bonsai-groete

Francois

Terugvoering oor demonstrasie / werkswinkel bome.

By die vergadering van 1 Augustus 2009 het Org Exley 'n demonstrasie gedoen op 'n "Pyracantha". Die foto onder links was hoe die boom gelyk het voordat Org aan hom gewerk het en regs onder nadat Org hom na 'n basiese raamwerk gesnoei het, dieselfde dag.



Regs is die boom hoe hy op 10 Augustus 2013 gelyk het. Die foto was geplaas in Koeda vierde uitgawe van 2013. Dit was vier jaar sedert die eerste werk aan die boom.



Regs is die boom afgeneem by die uitstalling by Safari tuin sentrum op 24 September 2016, dus sewe jaar sedert die eerste werk. (lyk so al of hy steeds in dieselfde pot is?)
Wys wat tyd en geduld kan doen.....



Snippets

Our Environment.

‘Creating’ energy uses water and causes pollution.

Buy fresh foods instead of frozen food, which uses 10 times more energy to produce.



Inspirasie uit die natuur.

Prof Gareth Bath het die mooi Spek-boompie by die skou uitgestal, en hy het gesê dat die styl die “fallen trunk” styl is. Partykeer wonder mens of die style, en veral ongewone style soos die “fallen trunk”, wel in die natuur voorkom.

Regs is ’n boom wat in die natuur afgeneem is wat beslis “fallen trunk” kan wees.

Prof Gareth se Spekboom is baie realisties.....

